Sondag 9 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 15:1-5, 18 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Spreuke 15:18

## ’n Geduldige mens bring ’n geskil tot bedaring

Jesus leer (Matt. 5:25): *Los ’n geskil gou op* … en in vers 5: *Gelukkig/Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.* Want Hy weet dat ons so gou humeurig kan raak wanneer ons voel dat ons te na gekom word, in ander gevalle ook waar die waarheid van God in gedrang kom. Die algemene waarheid is egter: As jy driftig raak, jou humeur verloor en iemand invlieg, het jy klaar verloor. Jy het ’n stryery veroorsaak en die saak is by die agterdeur uit.

*’n Sagte antwoord keer die grimmigheid af* … *Geduld bring ’n geskil tot bedaring.* Begin by ’n punt en werk geduldig deur na die waarheid, stap vir stap. Efesiërs 4:26: *Word kwaad, maar moenie sondig nie en moenie die dag kwaad afsluit nie.* Tree steeds volgens die Here se vereistes op, met geduld. Kwaad word is ’n emosie wat soms nodig is, opvlieënd word is die sondige uiting gee daaraan. Die daaruit voortspruitende getwis skend God se eer.

*Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie* … (Ps. 103:5, berymd). God se geduld met ons was oneindig. Hy het ons kom nuutmaak in Jesus Christus en sy Gees. So bring Hy ons in vrede met Hom. Met die ootmoedige twis Hy nie. Maar steeds sy eis: Wees heilig, want Ek is heilig.

Vrede is ’n gawe waarmee God ons seën en uitstuur vanuit die erediens. Vrede is ’n faset van die vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22-23). Laat volgens die opdrag in Galasiërs 5 die Gees julle beheers, moenie met opvlieëndheid uitbars en ’n stryery aan die gang sit nie – bring met geduld God se waarheid aan die lig. Nie ons drif bevredig nie, maar God se eer.

*Sing: Psalm 103-1:5; Psalm 32-1:5; Psalm 133-1/2:1, 2; Lied 308:1, 5*

*Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)*